# GRAAD 4
## SOSIALE WETENSKAPPE
# Geografie

## Kwartaal 2
## Platinum

©2021 OPWINDINDE OPSOMMINGS

# GEBRUIKSVOORWAARDES DEUR DIE SAMESTELLERS:

Dankie vir u aankope van ***Opwindende Opsommings***!

Die Samestellers is passievol oor die onderrig van leerders en streef daarna om studie nie net uitslag gedrewe te maak nie, maar ook genotvol en opwindend!

***Opwindende Opsommings*** is kirrikulum gedrewe en is die Samestellers van die opinie dat u en u kind waarde sal vind, resultate sal beleef en ook baie tyd sal spaar.

Dit gese is dit belangrik dat u kind steeds hul eie studiemetodes inkorpureer, en ***Opwindende Opsommings*** as ‘n bykomende bron gebruik vir sukses.


*Met hierdie aankope stem u in dat:*

- Hierdie skrywe die intelektuele eiendom van ***Opwindede Opsommings*** bly,
- Dat dit nie as die aankoper se eie werk ge-eis mag word nie,
- Dat die gebruik slegs vir die aankoper/leerder is.
- Die reproduksie, wysigings, verspreiding na aankope, of herdruk van hierdie produk streng verbode is en slegs vir die aankoper se gebruik is.
- Reproduksie sluit in enige elektroniese of meganiese middele (whatsapp, fotokopieering, plaat- of bandopnames, vermikrofilming of enige ander vorm van inligtings bewaring) van storing of verspreiding.
- Die herverkoop, distribusie (of enige winsmaking), uit ***Opwindende Opsommings*** is ook streng verbode.


Vir enige navrae:


www.opwindendeopsommings.co.za

Opwindende Opsommings / Exciting Summaries Pty-Ltd

Juf. Chanel @ 079 524 8359

Sonja @ 071 360 5806

# KAARTVAARDIGHEDE




- 'n Kaart is 'n **tekening van bo af gesien** wat ons wys waar plekke is.
- Daar is **verskillende soorte kaarte**:
  - Wêreldkaarte
  - Kaarte van vastelande en lande
- Sommige kaarte wys:
  - **stede en provinsies**
- Ander kaarte wys:
  - **riviere en berge**

**MET 'N KAART KAN JY BAIE VAN PLEKKE TE WETE KOM.**

# SYAANSIGTE EN PLANAANSIGTE


## Syaansigte en aansigte van bo af van eenvoudige voorwerpe

- Wanneer ons *rondloop* en na *geboue, bome* en ander mense kyk, sien ons hulle van **die kant** af. Ons het 'n **SYAANSIG** van hierdie goed.
  - 'n **Syaansig** is wat jy sien wanneer jy van die **kant af** na iets kyk.








- Wanneer jy na iets **op die grond kyk**, kyk jy van **BO af** daarna soos:
  - baba wat kruip
  - hond wat slaap
  - miere in 'n ry




- Dit word 'n **PLANAANSIG** genoem.
  - 'n **Planaansig** is wat jy sien wanneer jy **van bo af na iets kyk.**





- **KAARTE** is tekeninge wat **van bo af** na plekke kyk.
- 'n **Voël** wat in die **lug vlieg het 'n planaansig** van 'n plek wanneer dit na die grond daaronder kyk.
- 'n **Planaansig** kan as 'n **eenvoudige kaart** geteken word wat jou wys waar verskillende dinge is soos:




# SIMBOLE EN SLEUTELS

- Mense wat **kaarte** maak teken *simbole* op hulle kaarte om te wys **waar goed is** bv.
  - ‘n Klein sterretjie  kan ‘n **polisiestasie** aandui. 
- **Simbole** is **eenvoudige prentjies** of LETTERS op ‘n kaart met ‘n**spesiale betekenis.**
  - Dit maak dit **makliker** om kaarte te **teken** en te **le** 
- Kaarte het gewoonlik ‘n **SLEUTEL**.
  - Die **sleutel lys** en **verduidelik** al die **simbole** wat op die kaart gebruik word.



# ROOSTERVERWYSING

## Die konsep van alfa-numeriese roosterverwysings



- *Lyne* kan oor ‘n **kaart getrek** word om ons te help om plekke te kry.
- ‘n *Rooster* maak ‘n patroon van **reguit lyne** op ‘n kaart.
- ‘n *Kaart* met ‘n rooster het **lyne** wat daaroor getrek is.
- Die SPASIES **tussen die lyne** bo-aan die kaart **kry** *getalle* en diè aan **die kant** kry *letters*.







- Hierdie **getalle** en **letters** gee ROOSTERVERWYSINGS.
  - **Roosterverwysings** help jou om ‘n **plek** op ‘n **kaart** te kry.

Die huis is in A3

Getalle word in die spasies tussen die lyne boaan die prent geskryf

Letters word in die spasies tussen die lyne aan die kant van die prent af geskryf.





Die bome is in C5

## Sleutel

| | |
|---|---|
| | Huise |
| | Kerk |
| | Moskee |
| | Kliniek |
| | Poskantoor |
| | Vulstasie |
| | Fabriek |
| | Biblioteek |
| | Polisiestasie |
| | Brug |
| | Treinstasie |
| | Bome |
| | Spoorlyn |

# KOMPASRIGTINGS

## Vier hoofrigtings van 'n kompas




- **SON KOM OP IN DIE OOSTE**
- **SON SAK IN DIE WESTE.**


# NUWE WOORDE

| | |
|---|---|
| KAART | 'n Tekening van bo af wat plekke en goed soos paaie, dorpe, riviere en berge wys |
| AANSIG | Manier om na iets te kyk |
| PLAN | Tekening soos van bo af gesien |
| SIMBOOL | Eenvoudige prentjie of letter wat 'n spesiale betekenis op 'n kaart het. |
| SLEUTEL | Lys op 'n kaart wat verduidelik wat die simbole op die kaart beteken |
| ROOSTER | 'n Patroon van reguit lyne wat mekaar oorkruis om blokke te vorm |
| ROOSTER-VERWYSING | Getalle en letters op 'n rooster |

# 'N KAART VAN SUID-AFRIKA

- **Suid-Afrika** is 'n land wat op die **vasteland** van **Afrika** is.
- Dit word **Suid-Afrika** genoem, want dit is aan die **suidpunt** van die **vasteland**.
- Daar is **oseane** aan die **oos-, wes-**, en **suidkus** van Suid-Afrika.
- Die **kaart** van **Suid-Afrika** wys:





**Kaart van Suid-Afrika**

- Die rooi lyne wys die GRENSE tussen ander **lande** en **provinsies**.
- Die KRUIS op die kaart dui die kompasrigtings aan.




- Kaarte gee ons INLIGTING.

**Hierdie sleutel gee en verduidelik die simbole wat op die kaart van Suid-Afrika gebruik word.**




# SUID-AFRIKA SE 9 PROVINSIES

## 9 PROVINSIES & DORPE

Limpopo – Polokwane
Gauteng – Johannesburg
Mpumalanga – Mbombela
Noord-Wes – Mahikeng
Vrystaat – Bloemfontein
KwaZulu-Natal – Pietermaritzburg
Noord-Kaap – Kimberly
Oos-Kaap – Bisho
Wes-Kaap – Kaapstad




**Lesotho en Swaziland is nie provinsies in Suid-Afrika nie, maar wel ander lande.**

# NUWE WOORDE

| | |
|---|---|
| RIGTING | Die kant waarheen iemand of iets wys of beweeg |
| KOMPAS | Instrument wat rigting aandui |

# SUID-AFRIKA SE BUURLANDE






## NUWE WOORDE

| | |
|---|---|
| LAND | 'n Gebied wat sy eie regering en reëls het |
| VASTELAND | 'n Groot landgebied, byvoorbeeld Afrika |
| OSEAAN | 'n Groot seegebied, byvoorbeeld die Indiese Oseaan |
| KUS | Waar die land en see bymekaarkom |
| PROVINSIE | Deel van 'n land |
| GRENS | Die lyn tussen twee lande en provinsies |

## NOTAS:

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

# 'N AARDBOL EN KAART VAN DIE WERELD

- Die **wêreld** is rond soos 'n bal.
- Planeet Aarde word dikwels op 'n **ronde aardbol** gewys.

## VASTELANDE EN WAAR HUL GELEË IS

### Kontinente en oseane




## NUWE WOORDE

| | |
|---|---|
| **AARDBOL** | 'n Ronde kaart van die wêreld |
| **EILAND** | 'n Stuk grond wat water reg rondom het |

**ONTHOU!**
**Geen aktiwiteite word opgesom nie!**

© 2021 OPWINDINDE OPSOMMINGS